

Woensdag **30 Oktober**

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 1:1-11

Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 1:3, 4 (AFR83/53)

Geroep om mekaar te bemoedig en te versterk

Om binne die verbondsgemeenskap te lewe, die verbondsgemeenskap wat die HERE daargestel het, is 'n geweldige groot voorreg. Dit is binne die verbondsgemeenskap dat die HERE aan ons sy ontferminge duidelik maak, selfs deur lyding heen.

Paulus besing die lof van die HERE die almagtige, die Vader van Jesus Christus. Hy is die God wat Hom ontferm oor sy kinders. Dit is deur Jesus Christus dat Paulus die eerste keer die ontferming, die omgee van God beleef het. Die HERE het hom in die verbondsgemeenskap gebring. Jesus Christus het hom geroep om sy lewe aan Hom te wy. 'n Lewe waar hy, nou as kind van God, nie vrygespreek is van lyding nie. Dit is juis ter wille van Christus dat Paulus en die mense saam met hom swaar verdrukking gely het. Daar staan dat dit gevoel het of die swaar wat hulle moes verduur, ver bo hulle kragte was. Dit is egter ook in dié lyding dat Paulus die ontferming en troos van God raaksien.

Dit het gebeur sodat hulle nie op hulleself sal vertrou nie, maar op God wat die dode opwek. Dit het gebeur sodat hulle ander weer kan bemoedig soos God hulle bemoedig het. Dit het hulle geleer hoe belangrik dit is om in die verbondsgemeenskap van die HERE te lewe. Daar waar gelowiges mekaar bemoedig in die geloof in Christus en vir mekaar kan bid.

God het ons ook in die verbond gebring deur Jesus Christus ons Here, om Hom te dien met hart en hande. Ons is dus ook deel van die verbondsgemeenskap van die HERE. Lyding of verdrukking ter wille van Christus is 'n onvermydelike deel van elke gelowige se lewe. God het ons in die verbondsgemeenskap geroep sodat ons daarbinne mekaar kan versterk en bemoedig en vir mekaar kan bid, veral wanneer ons midde in 'n sware geloofstryd is ter wille van ons geloof in Christus.

Sing: Psalm 36-1:2

Ds. R (Riaan) Jansen van Vuuren (Lichtenburg)